
# 466 Van al die heiliges in die paradys




U was hul rots, hul vesting en hul krag, U, Heer, hul leier met u grote mag,
U in hul duister, helder soos die dag: Halleluja!

Laat dan u stryders, braaf, getrou en sterk, net soos u helde as oorwinnaars stry,
en ook met hul die hemelryk verkry: Halleluja!

God’lik geselskap, vrome vriendekring; ons beur nog opwaarts, hul alreeds by U;
tog is ons een in U, wat met U sing: Halleluja!

En as die stryd erg woed, die oorlog lang, dan klink alreeds van ver die triomfsang;
word Christen hart weer braaf, die vyand bang: Halleluja!

Die stille awend kleur die weste goud, gou sal u vriende kom tot hulle rus,
geseënd met U, die stryd se vuur geblus: Halleluja!

En dan kom nog ‘n glorieryke dag; die hemelskare skitter in hul drag,
die Heer bo here kom in al sy prag: Halleluja!

Van elke oord en aard se verste grens, deur poort van pêrels kom verloste mens
met lof en prys vir Vader, Seun en Gees: Halleluja!

William W. Howe (1823-97) Ralph V. Williams (1873-1958)